Die evangelie volgens

# MARKUS




VRIENDE
en Vergifnis
MARKUS 2:1-12



DIE
Bruidegom
IS HIER!
MARKUS 2:13-22


JESUS
gesentreerd
MARKUS 2:13-22




# Paul Hiebert

1932 - 2007



13Jesus het weer na die see toe gegaan. 'n
Hele menigte mense het na Hom toe
gekom, en Hy het hulle geleer. 14Toe Hy by
die tolhuis verbygaan, sien Hy vir Levi
seun van Alfeus daar sit, en Hy sê vir hom:
"Volg My!"
Levi het opgestaan en Hom gevolg.

MARKUS 2:13-22


TR POT VIII COS VII

[2]Die name van die twaalf apostels was: in
die eerste plek Simon, wat ook Petrus
genoem word, en sy broer Andreas; [3]Jakobus
seun van Sebedeus, en sy broer Johannes;
Filippus en Bartolomeus; Tomas en Matteus
die tollenaar; Jakobus seun van Alfeus, en
Taddeus; [4]Simon die Kananeër, en Judas
Iskariot wat vir Jesus verraai het.

MATTEUS 10:2-4

15 Daarna het Jesus in Levi se huis gaan eet. Baie
tollenaars en sondaars was saam met Hom en
sy dissipels aan tafel, want daar was baie van
hulle wat Hom gereeld gevolg het. 16 Toe die
skrifgeleerdes onder die Fariseërs sien dat Hy
saam met sondaars en tollenaars eet, het hulle
vir sy dissipels gesê: "Waarom eet hy saam met
tollenaars en sondaars?"

MARKUS 2:13-22

17 Jesus het dit gehoor en Hy sê vir hulle: "Dié
wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie,
maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om
mense te roep wat op die regte pad is nie,
maar sondaars."

MARKUS 2:13-22

18 Johannes se volgelinge en die Fariseërs
was besig om te vas, en die mense kom toe
en vra vir Jesus: "Waarom vas die volgelinge
van Johannes en die volgelinge van die
Fariseërs, maar u dissipels vas nie?"

MARKUS 2:13-22

19 Jesus antwoord hulle: "Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie.

MARKUS 2:13-22

20 Maar daar sal 'n tyd kom wanneer die
bruidegom van hulle af weggeneem sal
word. Dan, op daardie dag, sal hulle vas.
21 "Niemand lap tog ou klere met
ongekrimpte materiaal nie, want dan skeur
die nuwe lap nog 'n stuk van die oue uit, en
die gat word net groter.

MARKUS 2:13-22

22 "Niemand gooi ook nuwe wyn in ou
velsakke nie, want dan laat die wyn die
sakke oopbars, en die wyn sowel as die
sakke gaan verlore. Nuwe wyn word in nuwe
sakke gegooi."

MARKUS 2:13-22


JESUS
gesentreerd
MARKUS 2:13-22